higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2

(3011002)

27 Februarie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n antwoordboek van 17 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Toon AL jou berekeninge.
4. Jy mag GEEN bladsye uit jou ANTWOORDBOEK verwyder nie.
5. Gebruik die tabel hier onder om jou leiding te gee oor hoeveel tyd jy moet bestee om elke vraag te beantwoord.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	15	10 minute
2	Kort teorievrae	35	25 minute
3	Berekeninge	30	20 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	50 minute
5	Oorboeking na die algemene grootboek en krediteuregrootboek	30	30 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	30 minute
7	Rekeningkundige vergelyking	20	15 minute
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Duplikaatkontantverkopefaktuur en 'n duplikaatkwitansie kan as ... dokumente beskou word.

A ondersteunende
B interne bron-
C eksterne bron-
D verskaffersbron-

1.1.2 'n Onderneming word in die meeste gevalle gestig met die motief om ...

A 'n netto verlies vir die finansiële tydperk te maak.
B 'n suksesvolle onderneming te begin.
C 'n duur projek in 'n vervullende onderneming om te skakel.
D 'n inkomste te verdien en 'n wins te maak.

1.1.3 Rekeningkunde kan as ... omskryf word.

A die besittings wat 'n onderneming verkoop
B die inskrywing van brondokumente in joernale
C die daaglikse boekstawing van 'n onderneming se transaksies
D 'n uitruiling van geld vir dienste gelewer

1.1.4 Ondernemings wat voorraad op krediet aankoop, sal 'n aparte ... hou, wat 'n versameling van al die verskaffersrekeninge is.

A krediteuregrootboek
B kredietnota
C algemene grootboek
D debietnota

1.1.5 'n ... word as 'n ondersteunende dokument beskou wat die onderneming se deposito- en betalingstransaksies boekstaaf.

A Tjekteenblad
B Kwitansie
C Bankstaat
D Interne kantoormemorandum

Kopiereg voorbehou

1.1.6 'n ... word aan 'n klant uitgereik sodra hy of sy beskadigde voorraad terugstuur.

A Kredietnota
B Debietnota
C Belastingfaktuur
D Verkopefaktuur

1.1.7 Die korrekte volgorde van die rekeningkundige siklus is soos volg:

A Transaksie, brondokument, joernaal, algemene grootboek, proefbalans, finansiële staat
B Transaksie, joernaal, algemene grootboek, proefbalans, finansiële staat
C Transaksie, brondokument, joernaal, algemene grootboek, finansiële staat, proefbalans
D Transaksie, brondokument, algemene grootboek, joernaal, proefbalans, finansiële staat

1.1.8 'n ... is 'n voorbeeld van 'n finansiële bate.

A Leningsrekening
B Vaste deposito
C Oortrokke bankrekening
D Inkomste

1.1.9 'n Bedryfslas soos ... is 'n korttermynskuld.

A 'n langtermynlening
B 'n loon
C versekering
D 'n oortrokke bankrekening

1.1.10 Die ... van 'n onderneming word intern gegenereer en toon hoeveel daar aan verskaffers verskuldig is.

A debiteure-ouderdomsontleding
B bankstaat
C krediteure-ouderdomsontleding
D uitgawestaat

1.1.11 Indien toerusting op krediet aangekoop word, word die toerustingrekening in die algemene grootboek gedebiteer en die ... gekrediteer.

A debiteurekontrolerekening
B debiteurekortingsrekening
C krediteurekortingsrekening
D krediteurekontrolerekening

Kopiereg voorbehou

1.1.12 Kredietverkope wat 'n klant twee maande gelede gemaak het, word in die ... van die ouderdomsontleding weerspieël.

A 60-dae-kolom
B lopende kolom
C 30-dae-kolom
D 90-dae-kolom

1.1.13 'n ... word van die verskaffer ontvang wanneer hy 'n kredietaankoop maak.

A Kontantfaktuur
B Duplikaatbelastingfaktuur
C Oorspronklike belastingfaktuur
D Verkopefaktuur

1.1.14 Korting wat aan 'n debiteur toegestaan word, word as 'n ... beskou.

A las
B bate
C inkomste
D uitgawe

1.1.15 Op 'n ... word al die inligting wat vir 'n transaksie benodig word, aangetoon.

A ondersteunende dokument
B brondokument
C finansiële dokument
D verkopedokument

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord of term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n ... is 'n ondernemingstruktuur van 2–20 lede.

2.1.2 'n Onderneming, waarvan die naam op Bpk eindig, word 'n ... maatskappy genoem.

2.1.3 Die eienaar van 'n ... is alleen vir die onderneming se skuld aanspreeklik.

2.1.4 Die doel van 'n ... is om die publiek te bevoordeel.

2.1.5 Daar is tussen 1 en 10 lede in 'n ... ondernemingstruktuur.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.9) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Wanneer 'n krediteur rente op die onderneming hef, word die Krediteurekontrole gekrediteer en Rente (-uitgawe/-inkomste) word gedebiteer.

2.2.2 Wanneer 'n debiteur se tjek by die bank gedishonoreer word, word die inskrywing vir hierdie transaksie in die (kontantbetalings-/kontantontvangste-) joernaal gemaak.

2.2.3 Die krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek moet met die (debiteure-/krediteure-) lys, wat uit die krediteuregrootboek verkry is, balanseer.

2.2.4 Foute in die krediteurekontrolerekening kan reggestel word deur van die (krediteure-/algemene) joernaal gebruik te maak.

2.2.5 'n (Tjek/Kleinkasbewys) word voltooi wanneer posseëls vir R12,50 gekoop word.

2.2.6 Wanneer voorraad aan 'n krediteur teruggestuur word, (verhoog/verlaag) die handelsvoorraadrekening.

2.2.7 Die kansellering van korting op 'n gedishonoreerde tjek wat van 'n debiteur ontvang is, word in die (algemene/kontantbetalings-) joernaal geboekstaaf.

2.2.8 Wanneer voorraad, wat op krediet aangekoop is, aan die verskaffer teruggestuur word, (verhoog/verlaag) dit die aanspreeklikheid teenoor die verskaffer.

2.2.9 Wanneer 'n onderneming voorraad op krediet by 'n krediteur aankoop, word die bedrag in die (debiteer-/krediteer-) kolom van die krediteuregrootboek geboekstaaf.

(9 × 1) (9)

2.3 Dui aan of die volgende inkomste/uitgawe aan die DEBITEER-kant of die KREDITEER-kant van die algemene grootboek ingeskryf moet word wanneer daar van die kasboek oorgeboek word:

2.3.1 Korting ontvang

2.3.2 Grond en geboue aangekoop

(2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

2.4 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item/woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.4.1–2.4.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.4.1	Dubbelinskrywing-stelsel	A	'n onderneming koop op krediet by 'n verskaffer
2.4.2	Diensonderneming	B	rente word op 'n lening gehef
2.4.3	Debiteur	C	prokureurs wat regsadvies aanbied
2.4.4	Krediteur	D	'n boek van eerste inskrywing
2.4.5	Kasboek	E	vir elke debiet moet 'n krediet ingeskryf word
		F	'n klant koop op krediet by 'n onderneming

(5 × 1) (5)

2.5 Omskryf die volgende terme kortliks. (Moet NIE enige voorbeelde gee nie.)

2.5.1 Bates

2.5.2 Eienaarsbelang

2.5.3 Laste

2.5.4 Inkomste

2.5.5 Uitgawes

(5 × 2) (10)

2.6 Noem die TWEE afdelings in 'n proefbalans. (2)

2.7 Verduidelik waarom dit belangrik is dat brondokumente in 'n onderneming in 'n argief bewaar moet word. (2)

[35]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die belastingfaktuur in jou ANTWOORDBOEK aan die hand van die inligting hier onder.

J. Chocco koop die volgende artikels op 28 Mei 2017 by Chocolate Love en ontvang 'n handelskorting van 5%:

16 stafies donker sjokolade @ R21,00 elk
5 stafies melksjokolade @ R18,00 elk

Die laaste belastingfaktuurnommer was 452. (9)

Kopiereg voorbehou

3.2 'n Krediteure-ouderdomsontledingsverslag word deur Tasty Treats gegenereer, soos hier onder getoon word.

TASTY TREATS SE KREDITEURE-OUDERDOMSONTLEDINGS-VERSLAG SOOS OP 31 JULIE 2017				
Krediteur	**60–90 dae (R)**	**30–60 dae (R)**	**Lopend (R)**	**Saldo (R)**
Spaza Bakery	300	1 100	**3.2.1**	3 200
Oh My Pie	–	630	220	**3.2.2**
Sugar and Spice	200	150	120	470

3.2.1 Bereken die lopende bedrag wat aan Spaza Bakery verskuldig is. (3)

3.2.2 Bereken Oh My Pie se saldo. (2)

3.2.3 Bereken die totale bedrag wat Tasty Treats altesame verskuldig is. (4)

3.3 Cake.Com skuld 'n bedrag van R1 120 aan All Thing Sweets. All Thing Sweets se kredietbeleid bepaal dat rente teen 12% per jaar gehef word.

Bereken die rentebedrag vir DRIE maande wat All Thing Sweets ten opsigte van Cake.Com moet hef. (3)

3.4 Bereken die verkoopsprys as 'n onderneming sy handelsvoorraad van R5 250 teen 'n verlies van 20% verkoop. (3)

3.5 Doen die vereiste berekeninge hier onder aan die hand van die volgende uittreksel uit Candi Mandi se proefbalans:

Handelsvoorraad	R56 200
Bank (DT)	R44 600
Kapitaal	R103 000
Langtermynlening @ 12% p.j.	R89 600
Meubels	R105 000
Debiteurekontrole	R76 000

Bereken die volgende en toon AL jou berekeninge:

3.5.1 Eienaarsbelang (1)

3.5.2 Laste (2)

3.5.3 Bates (3)

[30]

TOTAAL VIR AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Pancake Deli is 'n onderneming wat bakkeryvoedsel en -produkte verkoop. Die eienaar, J. Olive, maak van die deurlopendevoorraadstelsel gebruik. 'n Wins van 40% word op die kosprys bereken.

Sleutel die besonderhede in Pancake Deli se hulpjoernale in aan die hand van die brondokumente en inligting vir Julie 2017 in die transaksies wat hier onder gegee word.

Rond die bedrae af tot die naaste rand. Moet NIE die joernale afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(13)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(9)
4.3	Debiteurejoernaal	(4)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(3)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.7	Algemene joernaal	(7)

TJEKTEENBLAAIE

03/07/2017		
Aan: Mambo-munisipaliteit		
Vir: Diensgelde – R1 240 Elektrisiteit – R2 730		
	R	c
Hierdie tjek	3 970	00
		Nr. 67

12/07/2017		
Aan: Sugar Cube.Com		
Vir: Bakkeryprodukte – R1 200 Eienaar se persoonlike gebruik – R540		
	R	c
Hierdie tjek	?	
		Nr. 68

Kopiereg voorbehou

15/07/2017		
Aan: Saucy Sauce		
Vir: Vereffening van rekening – 5%-korting is ontvang		
	R	c
Hierdie tjek	1 520	00
		Nr. 69

21/07/2017		
Aan: Kontant		
Vir: Lone		
	R	c
Hierdie tjek	450	00
		Nr. 70

27/07/2017		
Aan: Pencil Inn		
Vir: Notaboekies en penne		
	R	c
Hierdie tjek	270	00
		Nr. 71

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE

Hernommer die kredietfakture en begin by 401.

FLOUR POWER

Faktuur
Nr. FP21

Datum: 5 Julie 2017

Aan: Pancake Deli
Adres: Sugastraat 22, Bakersville

Rekeningnr.: ZZ33

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys per eenheid	Bedrag
10	Koekmeel, 5 kg	R50	R500
50	Bakpoeier, 2 kg	R25	R1 250,00
5	Sout, 1 kg	R10	R50
		TOTAAL	**R1 800**

Kopiereg voorbehou
Blaai asseblief om

MOTORWORLD



FAKTUUR
Nr. FQ5

Aan: Pancake Deli

Rekeningnommer: PDEL22

Datum: 16 Julie 2017

Beskrywing	**Bedrag**
1 afleweringsmotorfiets @ R30 000	R30 000
TOTALE BEDRAG	R30 000

KASREGISTERROLLE

CRR1
DATUM: 7 Julie 2017
R3 875
Pancake Deli

CKR2
DATUM: 18 Julie 2017
R5 730
Pancake Deli

CRR3
DATUM: 30 Julie 2017
R4 980
Pancake Deli

DUPLIKAATKWITANSIES



PANCAKE DELI
Kwitansie nr.: 12

Datum: 10/07/2017

Ontvang van: J. Olive
Vir: Bykomende kapitaalbydrae
Bedrag: Vyf-en-twintig duisend rand alleen

M. Syrup Dankie	R25 000

Kopiereg voorbehou

PANCAKE DELI Kwitansie nr.: 13	
Datum: 24/07/2017	
Ontvang van: B. Loaf **Vir:** Die vereffening van 'n rekening van R3 400 – 10% korting is toegestaan **Bedrag:** Drieduisend vyf-en-sestig rand alleen	
M. Syrup Dankie	?

DEPOSITO'S

DEPOSITOSTROKIE	**Platinum Bank**		
Datum: 19 Julie 2017			
Krediteer: Pancake Deli		**Rand**	**Sent**
	Totale kontant	9 605	00
D. DOUGH Deponeerder se handtekening	Tjeks – trekker		
	1. J. Olive	25 000	00
	2.		
2 1 1 0 4 3 2 1 0 Rekeningnommer	GROOTTOTAAL:	**34 605**	**00**

DEPOSITOSTROKIE	**Platinum Bank**		
Datum: 31 Julie 2017			
Krediteer: Pancake Deli		**Rand**	**Sent**
	Totale kontant	4 980	00
D. DOUGH Deponeerder se handtekening	Tjeks – trekker		
	1. B. Loaf	?	
	2.		
2 1 1 0 4 3 2 1 0 Rekeningnommer	GROOTTOTAAL:	**?**	

OPSOMMING VAN DUPLIKAATKREDIETVERKOPEFAKTURE

DATUM	FAKTUUR-BESONDERHEDE	DEBITEUR	BEDRAG
9 Julie 2017	Faktuur nr. 789	J. Chef	R2 900
14 Julie 2017	Faktuur nr. 790	M. Baker	R4 300

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAATDEBIETNOTAS

DATUM	NOMMER	KREDITEUR	HOEVEELHEID	REDE VIR TERUGSENDING
07/07/17	DN 11	Flour Power	11 x bakpoeier, 2 kg	Verval

TUSSENKANTOORMEMORANDUMS

PANCAKE DELI

INTERNE KANTOORMEMORANDUM
Memorandum: PD 15 **Datum:** 22/07/2017

Aan: Boekhouer

Van: J. Olive

'n Bedrag van R450 is teen Rente Ontvang gekrediteer in plaas van teen Kommissie Ontvang. Stel asseblief die inskrywing reg.

PANCAKE DELI

INTERNE KANTOORMEMORANDUM
Memorandum: PD 16 **Datum:** 30/07/2017

Aan: Boekhouer

Van: J. Olive

M. Savoury is insolvent verklaar en skuld R360 aan Pancake Deli. Skryf die skuld as onverhaalbaar af.

DUPLIKAATKREDIETNOTAS

PANCAKE DELI
Adres: Sugastraat 22, Bakersville

Kredietnota nr. CN 3

Datum: 19 Julie 2017

Aan: M. Baker
Adres: Fudgeweg 31, Fabriek, Springs

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
5	Pannekoekdeeg, 10 kg	R25	R125
		TOTALE BEDRAG	R125

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Buns & Butter maak van 'n prystoeslag ('mark-up') van 30% op kosprys gebruik. Die inligting hier onder is op 31 Mei 2017 uit sy boeke onttrek.

Berei slegs die volgende algemenegrootboekrekeninge voor aan die hand van die inligting wat hier onder verskaf word. Balanseer NET die handelsvoorraadrekening.

5.1.1 Onttrekkings (1)

5.1.2 Bank (2)

5.1.3 Handelsvoorraad (9)

5.1.4 Krediteurekontrole (5)

5.1.5 Verkope (2)

5.1.6 Skryfbehoeftes (2)

BUNS & BUTTER SE DEBITEUREJOERNAAL – MEI 2017 DJ

Dok.	Dag	Debiteur	Verkope	Koste van verkope
			5 460	4 200

BUNS & BUTTER SE ALGEMENE JOERNAAL – MEI 2017 AJ

Datum	Besonderhede	Fol.	Debiteer	Krediteer	Debiteure-kontrole		Krediteure-kontrole	
					Debiteer	Krediteer	Debiteer	Krediteer
	TOTAAL						225	650

BUNS & BUTTER SE KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL – MEI 2017 KKJ

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteure-kontrole	Handelsvoor-raad	Skryfbehoeftes	Diverse bedrag	Besonder-hede
			450	350	100		

BUNS & BUTTER SE KONTANTBETALINGSJOERNAAL – MEI 2017 KBJ

Bank	Handelsvoor-raad	Brandstof	Krediteure-kontrole	Korting ontvang	Diverse Bedrag	Besonderhede
13 340	7 400	2 140	3 650	350	500	Onttrekkings

BUNS & BUTTER SE KREDITEUREJOERNAAL – MEI 2017 KJ

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteure-kontrole	Handelsvoor-raad	Skryfbe-hoeftes	Diverse bedrag	Besonder-hede
			4 560	3 760	800		

Kopiereg voorbehou

BUNS & BUTTER SE DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL – MEI 2017 DKJ

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteurekorting	Koste van verkope
			416	320

BUNS & BUTTER SE KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – MEI 2017 KOJ

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Korting toegestaan	Diverse bedrag	Besonder-hede
42 775	37 700	29 000	4 320	220	975	Huurinkomste

5.2 Die volgende transaksies is met 'n debiteur, J. Jam, vir Junie 2017 aangegaan. Boek die transaksies oor na J. Jam se debiteuregrootboekrekening. J. Jam skuld R855 op 1 Junie 2017.

BELASTINGFAKTUUR
Nr.: D12

Buns & Butter

Mainstraat
124

☎ 010 963

Aan: J. Jam

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
100	Bruin brode	R6,80	R680
		TOTAAL	R680

KREDIETNOTA
Nr.: C05

Buns & Butter

Mainstraat
124

☎ 010 963

Aan: J. Jam

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
10	Bruin brode	R6,80	R68
Rede vir terugsending: *Geskeurde verpakking*			
		TOTAAL	R68

Kopiereg voorbehou

Buns & Butter

Kwitansie

Datum:	*16 Junie 2017*	
Kontant ontvang van:	*J. Jam*	
As betaling van:	*Betaling van rekening – staan R35 se korting toe*	*R440,00*
Bedrag:	*Vierhonders en veertig rand alleen*	
Ontvang deur:	*K. Kettles*	

(9)
[30]

VRAAG 6

Die proefbalans hier onder verskyn in Isonka-Bakkery se boeke soos op 30 Junie 2017.

Berei die volgende in jou ANTWOORDBOEK voor:

6.1 Afsluiting van die verkoperekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 (4)

6.2 Die wins-en-verlies-rekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 – die bruto wins is op R329 875 bereken (10)

6.3 Die balansstaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 (Toon SLEGS die aantekening wat in jou ANTWOORDBOEK verlang word.) (16)

Toon AL jou berekeninge tussen hakies.

Kopiereg voorbehou

ISONKA-BAKKERY SE PROEFBALANS SOOS OP 30 JUNIE 2017			
	FOL.	**DEBITEER**	**KREDITEER**
BALANSSTAATAFDELING			
Kapitaal	B1		62 000
Onttrekkings	B2	5 850	
Grond en geboue	B3	270 000	
Toerusting	B4	54 000	
Bank	B5	33 560	
Debiteurekontrole	B6	13 950	
Krediteurekontrole	B7		6 100
Handelsvoorraad	B8	9 250	
Kleinkas	B9	500	
Los kontant	B10	600	
Lening: Siyaya Bank (10% p.j.)	B11		10 000
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		445 250
Koste van verkope	N2	115 100	
Debiteurekorting	N3	275	
Rente-inkomste	N4		1 950
Lone	N6	25 900	
Skryfbehoeftes	N7	1 350	
Reklame	N8	2 400	
Telefoon	N9	3 300	
Brandstof	N10	4 500	
Water en elektrisiteit	N11	8 765	
Huurinkomste	N12		24 000
		549 300	**549 300**

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Die Icing Company is 'n onderneming wat bakprodukte aan kleinhandelaars verkoop. Hy gebruik die deurlopendevoorraadstelsel en verhoog sy voorraadpryse met 25% op die kosprys van die voorraad.

Toon die uitwerking van die volgende transaksies op die rekeningkundige vergelyking EN dui die joernaal aan waarin elke transaksie opgeteken moet word:

VOORBEELD

1. Koop skryfbehoeftes vir R645 op krediet by Pen It.

Nr.	Joernaal	Algemene grootboek		Bates	Eienaars-belang	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	Krediteure-joernaal	Skryfbe-hoeftes	Pen It (Krediteure-kontrole)	0	–645	+645

7.1.1

The Icing Company

Adres: Meltweg 4, Riversdell

KREDIETNOTA
NR.: CNX3

Datum: 2 Julie 2017

Rekeningnommer: XYZ12

Aan: R. Maple
Adres: Syrup Valley 2, Valleyview

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheids-prys	Bedrag
10 sakke	Versiersuiker	R30	R300
		TOTALE BEDRAG	R300

(9)

7.1.2

The Icing Company

INTERNE KANTOORMEMO

Memo: P6
Datum: 13/07/2017

Aan: Die rekenmeestersklerk
Van: Die eienaar, T. Ice

'n Korting van R310 wat van ons verskaffer, Wheat Farmers, ontvang is, moet gekanselleer word aangesien ons laat betaal het.

(5)

7.1.3

21/07/2017		
Aan: Cakes & Flakes Online		
Vir: Die advertering van produkte		
	R	**c**
Saldo		
Hierdie tjek	780	00
Nr. 1130		

(5)

7.2 Vul die ontbrekende inligting in die rekeningkundige vergelyking in jou ANTWOORDBOEK in aan die hand van die brondokument wat hier onder voorsien word.

7.2.1

KWITANSIE **Nr.: V66**

The Icing Company

Datum: 1 Julie 2017

Ontvang van: Flakes Geïnkorporeer

Vir: Huurinkomste

Bedrag: Eenduisend driehonderd vyf-en-sewentig rand alleen

R1 375

J. Timm

Dankie

(1)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou